

Burgerlike vergaderings kan weer lewe in SA se demokrasie blaas

Damien du Preez*

Vandag (15 September) is [Internasionale Dag van Demokrasie](#) en die tyd het aangebreek dat ons erken dat Suid-Afrika 'n probleem met demokrasie ondervind.

Die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners is ongelukkig oor die manier waarop demokrasie werk, terwyl ons vertrouwe in openbare instellings en staatsamptenare al hoe minder word. Politieke deelname (veral onder die jeug) het die laagste punt ooit bereik. Op die vooraand van ons sewende algemene verkiesing – wat ook die 30ste herdenking van die aanbreek van demokrasie in ons land sal wees – bevind ons ons in 'n besondere jammerlike toestand.

Maar om hierdie probleme aan te spreek en te begin om ons demokratiese proses te herstel, dink ek Suid-Afrikaners moet eerstens in die proses glo. Dit beteken gewone mense – ongeag van hulle inkomste, ras of stand – moet glo dat hulle stem saak maak. Hulle moet kan sien Suid-Afrika se demokrasie is nie net 'n politieke arena vir grootmond politici nie, maar 'n geleentheid vir enige gewillige landsburger om te help om die toekomskoers van hulle land te bepaal.

Hoe kry ons dit reg? Hoe oorreed ons alledaagse Suid-Afrikaners om in die demokratiese proses te glo wanneer die enigste haalbare deelname-opsies wat tot hulle beskikking is, is om óf te stem (wat baie eenvoudig besluit het nie die moeite werd is nie) óf om te betoog (wat skynbaar weinig meer as vernietiging en woede bereik)? Dit is heel eenvoudig: Indien Suid-Afrikaners die geleentheid gegun word om sinvol deel te neem en hul stemme te laat opklink, kan ons dalk net weer in ons demokratiese proses begin glo.

Ek dink daar is een idee wat stadig maar seker besig is om deur die wêreld te spoel en waarvan die invloed besig is om sigbaar te word wat kan help. Die idee is die [Burgerlike Vergadering](#), waar 'n groep gewone mense (en nie loopbaanpolitici nie) op 'n georganiseerde manier en met die hulp van kundiges bymekaarkom om oor belangrike kwessies te praat en aanbevelings vir hul gemeenskap of regering saam te stel. Burgerlike vergaderings is dus 'n manier om alledaagse burgers wat die uiteenlopende belange en sienings van die breër bevolking verteenwoordig, by belangrike politieke besluitneming te betrek.

Ten slotte ...

Die doelwit van 'n burgerlike vergadering is op die ou einde dat 'n groep verteenwoordigende burgers (nou gewapen met akkurate kennis en ondersteun deur kundige leiding) aanbevelings oor 'n politieke onderwerp opstel waarvoor daar gewoonlik onenigheid in die samelewing bestaan. Vir die vergadering om doeltreffend te wees, moet hierdie aanbevelings egter dan amptelik deur regeringsverteenwoordigers in ontvangs geneem word om dan, ideaal gesproke, rigting aan beleidsbesluite te gee.

Ek gee toe dat hierdie laaste stap makliker gesê as gedaan is. Maar selfs in gevalle waar aanbevelings geïgnoreer word, duur die voordele van die aanbied van 'n burgerlike vergadering vir baie lank nog voort. Vorige deelnemers vier 'n nuwe politieke bewustheid en bemagtiging, met baie van hulle wat kampvegters word en hulle nuutgevonde kennis en stem gebruik om druk op die regering te plaas om op die mense se aanbevelings te reageer. In 'n land waar baie mense magteloos voel, kan dit van onskatbare waarde wees.

Hoe begin ons? Deur verhale van suksesvolle demokratiese innovasies te deel – net soos ek hier doen. Deur te erken dat Suid-Afrika se demokrasie ver van perfek is, maar deur ook te erken dat daar instrumente is wat ons kan help om dit te verbeter. Deur na jou gemeenskap en burgerlike groepe binne dit uit te reik en hulle aan te moedig om jou te help om 'n burgerlike vergadering te reël, ongeag van wie of waar jy is. Deur ons mag as burgers en agente van verandering te omarm.

Baie Suid-Afrikaners voel hulle het nie 'n stem nie. Maar dit hoef nie die geval te wees nie.

***Damien du Preez is die bemarkings- en kommunikasiebeampte by die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) by die Universiteit Stellenbosch.**